**31 Januarie** **Skrifgedeelte: Jesaja 61**
**Fokusgedeelte: Jesaja 61:1-2**
**HK, Vraag 31**

**Jesus die Christus – die Gesalfde!**

Die begrip *Gesalfde* (Messias) kom uit die Ou Testament. Mense is in drie gevalle gesalf, naamlik wanneer hulle profete (1 Kon 19:6), priesters (Eks 40:13) of konings (2 Sam 1:14) geword het. Elkeen van hierdie drie ampte het vir die volk iets geskets van wat die volwaardige Gesalfde eendag gaan wees. Wanneer daar na Jesus as die *gesalfde* verwys word, word al drie hierdie ampte bedoel. As profeet maak Jesus dié waarheid bekend en verkondig Hy die verlossing. As priester het Hy vir ons gesterf en tree Hy vandag vir ons by die Vader in. As koning regeer Hy deur sy Woord en Gees oor alles wat bestaan en beskerm Hy ons.
Jesus se salwing is veral uniek en volmaak daarin dat Hy met die Heilige Gees gesalf is en nie volgens gebruik met olie nie (Luk 3:21-22).
Die vraag is nou of ons Christus werklik in al drie hierdie ampte ken? Is jy al aangegryp deur daardie Profeet se boodskap van waarheid, verlossing en hoop? Vertrou jy Hom werklik as Priester om vir jou in te tree en besef jy dat sy genade vir jou genoeg is? Laat jy Hom werklik toe om as Koning oor elke aspek van jou lewe te regeer?
Waarom word Hy dan Gesalfde genoem? Ter wille van my en jou, en ook ander mense wat nog van sy genade moet hoor en vrede by God moet vind.
*Sing: Psalm 84:5* *Dr. NP Heystek (Wapadrant)*